

**Lees:** Jona 4

**Teks:** Jona 4:10,11:

*Die Here het vir Jona gesê: "Jy is besorg oor die komkommerplant waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie. Dit het oornag opgekom en oornag is dit dood. Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?"*

**Tema:** *Onvergelykbare Goddelike genade en sorg!*

Die laaste drie wonders wat in die boek Jona opgeteken is, was bedoel om die profeet tot insig te bring van die Here se wil en Sy manier van waarde bepaal. Die wonders hier is:

'n Wonder komkommerplant (waarskynlik *ricinus*). Die plant is normaalweg 'n vinnige groeier, maar God bring dit in een nag tot sy volle grootte (ongeveer 2 meter hoog, blare 30 cm deursnee).

'n Wurm om die plant in een nag te verteer.

'n Skroeiende warm wind om die effek van die brandende son te vererger.

Jona moes tot insig kom! Die Here wil 'n getuigenis deur hom in die wêreld en in die geskiedenis instuur! Iets om vandag nog aan vas te hou, iets wat ons vandag kan troos!

## **1. God oor sy volkomehede aangekla**

Aan die een kant, egter, ontmoet ons hier vir Jona die depressiewe profeet. Hy sit onder sy takskerm en wens hy gaan dood. Twee keer sê hy dit reguit (vs 3,8).

Aan die ander kant sien en hoor ons ook wel die oorsaak en rede vir sy depressie: Rebelse nukkerigheid waarin hy sy ware kleure wys. Hy wys hoe dwaas en selfsugtig hy is. Hy wil nie hierdie grootskaalse bekering en diens aan God in die stad hê nie. Dit is waarom hy in die eerste plek Wes getrek het - Tarsis toe - en nie Oos na Nineve toe nie.

Maar, soos so dikwels met die mens gebeur wat onwillig en depressief raak, gaan sy klag oor in 'n aanklag. Die bidder word beterweterig, en plaas God in die beskuldigingsbank (vgl Jer 15:18).

Jona kla God aan oor Sy volkomehede, oor dit wat God is en het. Oor dit wat God uniek maak en betoon:

Hy is genadig en barmhartig.

Hy is lankmoedig en vol van liefde

Hy sien maklik af van die straf wat Hy aangekondig het.

Hy plaas God in die beskuldigingsbank omdat Hy die stad spaar. Hy kan sien dit gebeur. Daar kom nie vuur en verwoesting, brand en noodkrete nie.

Maar hy wil ook nie padgee nie. Nee, hy bou 'n blarehut aan die westekant van die stad. Hy sien reeds die effek van die prediking en die werking van die Gees: Bekering in hierdie hele stad. Maar hy wil tog die volle veertig dae sit en kyk of die Here nie dalk tog gaan terugkom op Sy voorneme en die stad verdelg nie.

En daar broei die sonde! Hy sal selfs van sy voorreg 'n reg maak - die plant!  
Hoe verskil dit tog nie van Abram nie! Hy het sonder ophou gepleit vir die behoud van Sodom, selfs ter wille van enkele gelowiges!

Sal ons die Here in die beskuldigdebank sit oor Sy wil en besluite? Hom verwyt oor dit wat Hy doen?

Ja, ons sal. Ons doen dit ook!

Want, ons aanvaar nie dit wat goed is soos God besluit nie. Ons sien dit:

Ons verwyt Hom oor ons verliese, siekte en dood.

Ons hou aan om sonde te doen.

Ons wil ook nie al die mense wat God bedoel het om deel van die verbondsvolk te wees aanvaar nie.

'n Mens sien iets van Jona in elkeen van ons!

## **2. God werk wel persoonlik en koninklik**

Broerder en suster, iets is nou besonder opvallend in die profetiese gebeure in hierdie hoofstuk, maar ook in die hele boek:

Dit is die persoonlike bemoeienis wat God maak.

Maar ook Sy koninklike optrede. Hy is so besorgd oor die inwoners van 'n hele stad!

Die Here se *persoonlike bemoeienis* herken ons in sy hantering van Jona self. Persoonlike bemoeienis is Sy manier van doen met die mens sedert Hy die eerste maal die eerste mens nadergeroep het na Homself: Adam. Ook Abraham, Isak, Jakob, Samuel, Dawid. So ook in die Nuwe Testament: Elke dissipel, Saggeus, Barthimeus, Timoteus. Elkeen van ons sou ook self kon getuig van God se persoonlike bemoeienis met my lewe. Elkeen van ons het 'n persoonlike geskiedenis met God.

God betree die gemoed van hierdie profeet. Op verskillende maniere, selfs vir etlike dae, bly God met Hom besig.

Aan die een kant: *Konfrontasie* in vs 4: Het jy werklik rede om kwaad te word? God bring hom tot selfondersoek. Hy wil hê die mens moet uit eie oortuiging vasstel hoe dwaas hy is. Regverdig die bekering van jou vyande, die feit dat hulle lof en eer aan die Here bring, jou kwaadword? Ek is genadig en geduldig, soos met jou, Jona!

Aan die ander kant: *Liefdevolle ontferming* (vs 6).

God bring selfs 'n wonder in sy persoonlike lewe.

God het die plant vir Jona gegee met twee redes: As 'n skaduwee oor sy kop, en om hom van sy misnoeë te bevry. Die Here gee hom koelte en rus, so ook vir sy gemoedstoestand en depressie. Jona was baie bly!

Maar ook *persoonlike opvoeding*. Tugtiging.

God neem die plant ook weer weg. Jona moet nog tot die punt kom waar hy verder sien as net sy eie behoeftes en voorkeur.

God se besigwees met hom speel die duidelikste in ons teksverse af. God se finale argument is: Jy is besorg oor hierdie plant. Dit was 'n vrye gawe aan jou gewees. Jy het nie vir hom gewerk nie en jy het dit nie versorg nie. Ek is besorg oor 'n hele stad: 120 000 mense wat nie die verskil tussen reg en verkeerd ken nie, en ook nog baie diere.

Dit is 'n groot troos om te sien en te weet dat God persoonlike bemoeienis maak met my! Ons moet net bedag wees op die gevolge as ek nie tot insig van God se wil wil kom nie. Hy vat dit weg wat vir my persoonlik en materieel na aan die hart lê ...

Juis in hierdie laaste vers herken ons ook God se *koninklike bemoeienis*. Hy is Skepper en Onderhouer van die hele wêreld. Hy is Here oor alles wat Hy gemaak het: Plante, diere en vee. Die plant laat Hy groei soos Hy wil, die wurm stuur Hy waar Hy wil en die wind laat waai Hy soos Hy wil. Maar Hy is ook nog besorg oor 120 000 mense in een stad wat nie tussen reg en verkeerd kan onderskei nie, en baie diere.

Eers iets oor die diere: Die impak, sou God besluit om hele stad te verwoes, sluit ook die diere in. Hulle sou sterf en ly. Hulle is deel van die pakket van die mensdom. God het die diere aan die mensdom se sorg toevertrou. Die diere is eger aan die nietigheid onderworpe saam met die mens. Hulle sou deel in die straf van die mens. Maar hulle is nie niksword nie! Inteendeel, God wys sy besorgdheid oor hulle! Ons hoor iets hiervan ook in Romeine: Die hele skepping sien met reikhalssende verlange uit na die groot dag van God. Dit is ook die dag van bevryding van die Skepping.

Die Here sien dit koninklik raak. En Hy maak dit so duidelik deur Sy Seun.

Toe Jesus in Markus 1 toegerus is deur die Gees en versoek is in die woestyn, het Hy die Satan oorwin. In die woestyn het die engele Hom versorg en Hy het vertoef saam met die wilde diere in die woestyn. As Hy Sy versoeningswerk begin, moet ons reeds die volmaaktheid daarin raaksien: Sy begin sluit die diereryk in. In die woestyn het Hy 'n omkering gebring van die situasie na die Skepping. Hy het daar begin om die vervreemding tussen mens en skepping te versoen. Hierdie koninklike sorg wat so volmaak in Sy Seun duidelik sou word, is reeds hier in Jona in kiem na vore gebring.

En Jesus is ook die een in wie die stad gespaar word. Die stad Nineve staan onder die teken van die kruis. Veral die mense wat hier genoem word.

Ons moet nie die fout maak en dink dat 120 000 mense die totale inwonertal van Nineve was nie. Dan sou daar darem 'n klomp onduidelikheid lê in die verklaring van die profesie. 120 000 mense regverdig nie die beskrywing van so 'n groot stad wat drie dae sou neem om deur te preek nie. En ons weet Nineve was groter as Babilon wat self bykans 'n halfmiljoen inwoners gehad het.

Nee, hier lê 'n stukkie goud in vs 11, iets wat juis die Here se koninklike besorgdheid wat hy oor o.a onskuldige diere bewys nog meer ondersteep. Hier is spesifiek geskryf dat hierdie 120 000 mense nie die verskil ken tussen reg en verkeerd nie. Streng gesproke sou hulle straf mos onregverdig lyk as hulle gestraf sou word! Letterlik staan hier: Hulle ken nie die verskil tussen hulle linkerhande en regterhande nie ...

Wie is hierdie spesifieke mense dan? Watter mense ken nie die verskil tussen reg en verkeerd, links en regs nie? Jong kinders! Jong kinders onder vyf jaar oud! Ja, en as kinders in hierdie ouderdomsgroep ongeveer 'n vyfde van 'n stad se bevolking in die ou tyd uitgemaak het, dan het Nineve meer as 600 000 inwoners gehad! En dit klop! Dit is 'n baie groot stad!

Die Here is koninklik besorg oor jong kinders. Hulle sou ook eintlik onskuldig moes sterf sou die stad verwoes word. Hulle het nog nie so aktief, willens en wetens kon deel in die boosheid wat voor die Here se troon opgestyg het nie. Jy het nie daaraan gedink nie, het jy Jona?

Die Here dink aan kinders. Hy is koninklik besorg oor hulle. So besorg dat Hy van ouds af aan hulle Sy verbondsteken gegee het. Hulle moes besny word op die agtste dag. En vandag nog doop ons klein kindertjies. Ons besprinkel hulle met water want die Here wil hê dat hulle 'n teken en seël met hulle sal saamdra vir hulle lewe! Onthou, God maak beloftes oor kindertjies!

### **3. So lief het God die wêreld gehad ...**

So hoor ons iets hier in Jona wat eeue later so bekend sou word: Die bekende Johannes 3:16:

"God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. (NV)

Saam met die Psalmis kan ons maar net uitsing (Ps 33:6):

Die Heer se raad word nooit gekeer nie; dit sal bestaan in ewigheid.  
Teen sy besluit is geen verweer nie; bestendig duur dit vir altyd.  
Salig wie tevore deur Hom is verkore as Sy erf en lot;  
wie so hoog geëer is, dat die Heer hul Heer is  
en dié God hul God.

AMEN

Lof: Psalm 118:12,13,14  
By gebed: Psalm 86:5,6  
Slot: Onse Vader